Van Rooyen

Die stamvader van die Van Rooyens in Suid-Afrika is ene * **CORNELIS VAN ROOYEN**. afkomstig van Gornichen (of Gorkum) Holland Hy het in die jaar 1713 in die Kaap aangekom en is driemaal in die eg verbind. Sy eerste huwelik met Jacomina van Deventer het op 17 Oktober 1720 plaasgevind en dié huwelik is met elf kinders geseën; * **ADRIANA VAN ROOYEN** (1721), getroud met Michael Muller;
* **SOPHIA VAN ROOYEN** (1723) getroud met Jacobus Botha;
* **ALETTA VAN ROOYEN** (1724) getroud met Jan Potgieter en hertroud met die substituut-landdros van Swellendam Johann Christoph Heymers; * **REYNIER VAN ROOYEN** (1726) 'n burger te Swellendam en met Hester Gous getroud op 4 Maart 1753 (Reynier is te Kafferkuilsrivier op 17 Julie 1770 oorlede); *** JOHANNA VAN ROOYEN** (1727)getroud met Jan Jacob Kock; * **ALBERTA VAN ROOYEN** (1728) getroud met Nicolaas van Rensburg;
* **ANNA MARGARETHA VAN ROOYEN** (l729) getroud met Christoffel Snyman; * **JOHANNA MARGARETHA VAN ROOYEN** (1730); *** GERRIT VAN ROOYEN** (1732) met Martha Jacoba Ferreira getroud op 30 Oktober 1756; en *** CORNELIS VAN ROOYEN** (1737), 'n burger te Swellendam en getroud met Rachel Crafford. Na die dood van Jacomina is Cornelis hertroud met Cornelia Botha, die weduwee van Hans Jurgen Potgieter, op 13 April 1738, Sy derde huwelik was met Barbara Myburgh, die weduwee van Izaak van Es, op 12 Mei 1754. Geen kinders is uit die twee huwelike geborc nie. Cornelis was 'n lid van die eerste Heemraad op Roodezand wat in 1743 as geregshof vir die bewoners van daardie gebied benoem is.
Nog een Van Rooyen het na Suid-Afrika gekom. *** ANTHONIE VAN ROOYEN** was afkomstig van Culemborg en was werksaam as 'n baas huis timmerman by die Kaap. Op 10 Mei 1711 is hy met Aletta van Níeuwkerken (van Niekerk) getroud maar sy is oorlede en hy is op 17 Desember 1713 met Sophia Appel die weduwee van Barend van der Westhuizen, hertroud. Uit die tweede huwelik is tien kinders gebore, van wie drie seuns was, maar hulle is almal ongetroud oorlede.
Die Van Rooyens was onder die vroegste grensbewoners in die Oostelike Provinsie en die naam word ook in die vroeë geskiedenis van Graaff-Reinet genoem, * **IGNATIUS MICHAEL VAN ROOYEN** (1760), die tweede seun van Gerrit, * **MARTHINUS VAN ROOYEN** (1769), 'n jonger broer van Ignatius, en * **PETRUS VAN ROOYEN** (1780), die jongste seun van Cornelis en Rachel, was almal burgers te Graaff-Reinet.
* **JAN FREDERICK VAN ROOYEN** (1789), 'n keinseun van Reynier en Hester, * **IGNATIUS MICHAEL VAN ROOYEN** (l787), 'n kleinseun van Gerrit. * **GERRIT CORNELIS VAN ROOYEN** (1812) 'n kleinseun van Ignatius Michael. en * **CORNELIS VAN ROOYEN** (1786) en * **IZAK VAN ROOYEN** (1789), die kleinseuns van Cornelis en Rachel, het hulle op Uitenhage gevestig.
Die boere langs die Visrivier was destyds gedurig deur inboorlingstamme aangeval en van hulle vee beroof. * **CORNELIS VAN ROOYEN** (1756) die oudste seun van Cornelis en Rachel, was gesiene figure in daardie omgewing. Toe die boere in 1789 'n algemene Kaffer-aanval vrees, het Wagener, die sekretaris van die drosdy op Graaff-Reinet, sy bes gedoen om te verhoed dat daar paniek onder die grensboere ontstaan. Aan Cornelis van Rooyen is opdrag gegee om die boere wat die verste woon en die meeste aan gevaar blootgestel was, te gelas om met drie of vier huisgesinne bymekaar te trek. Die boere sou dan beter in staat wees om hulle self te verdedig en hul vee te beskerm, ingeval die inboorlinge hul onverwags sou aanval, Cornelis van Rooyen moes ook sy manskappe tussen die Sondags- en Gamtoosrivier op kommandeer indien dit nodig sou word. Aangesien meeste van die boere sonder ammunisie was, het Cornelis die Landdros gevra om 'n voorraad te stuur. In 1801 is 'n boer. * **REYNIER VAN ROOYEN**, naby Graaff-Reinet deur die Hottentotte vermoor.
Hierdie familie is ook besonder goed verteenwoordig onder die trekkers wat in 1836 die Kaapkolonie verlaat het. Aan drie van Rooyens is die eer te beurt geval om Volksraadslede van die Republiek Natal te word. Hulle was * **DIRK VAN ROOYEN**, * **GERT RYNIER VAN ROOYEN** en * **G.R. VAN ROOYEN**. Die beroemde ooreenkoms van 15 Oktober 1840, waarkragtens 'n feitelike vereniging tussen Natal en Transvaal teweeg gebnng is, en die dokument van Februarie 1841, waarin die ondertekenaars hul plegtig verbind, is deur 'n vyftal Van Rooyens medeonderteken:
* **G.R.VANROOYEN**, * **RJ. VAN ROOYEN**, * **JM.VANROOYEN,** * **E J. VAN ROOYEN**, * **CJ. VAN ROOYEN.**
Toe Natal in 1843 as Britse gebied geannekseer is, het baie families weggetrek Omstreeks 1855 was 'n sekere *** CORNELIS VAN ROOYEN** een van die Trekkers wat 'n stuk grond in 'n huidige distrik Utrecht van die Zoeloekoning, Panda, geruil het. Hier het hulle 'n onafhanklike bestuur gevorm en C van Rooyen is aangestel as veldkornet. Utrecht het later met die Republiek Lydenburg verenig wat uiteindelik ook 'n deel van die Z,A.R. geword het.
Die familie het belangrike krygsmanne opgelewer * **ANDRIES IGNATÏUS VAN ROOYEN** van Kroonstad het aan die Basoeto-oortog deelgeneem en later met sy seun * **Kmdt. ANTONIE MICHIEL VAN ROOYEN** die tweede Vryheidsoorlog meegemaak, Hulle is gevange geneem en as Krygsgevangenes na Indië vervoer. * **GERT IGNATIUS VAN ROOYEN** het hom onderskei in die slae by Ladysmith, Paardeberg en Abraharmkraal * **HERMANUS LUKAS VAN ROOYEN**, later van Odendaalsrus, was ook een van die dappere stryders. Hy was gewond en is as krygsgevangene na Suid-Indië gestuur. Hy was een van die stryders wat die "Dekorasie voor Trouwe Dienst" ontvang het.
Die hulp aan hom verleen deur 'n **VAN ROOYEN** tydens die veldtog teen Sechele in 1852 het Paul Kruger baie waardeer. 'n Ongeluk het veroorsaak dat 'n rots Paul Kruger teen die kop getref het en terwyl hy bewusteloos was het dié sekere Van Rooyen hom verpleeg en later op sy voete gehelp.
* **JOHANNES CORNELIS VAN ROOYEN** (1861 - 1915) die beroemde olifantjagter is op 14 jarige leeftyd Rhodesië toe waar hy hom as 'n baaswildjagter gevestig het,
* **IGNATIUS MARTHINUS VAN ROOYEN** (1909) die kleinseun van Gerrit en Martha is getroud met Harriet Forbes Heathcote, dogter van die beroemde Admiraal, Sir Henry Heathcote. Ignatius se jongste sussie. * **ADRIANA WILHELMINA VAN ROOYEN** (l8l8),is getroud met Adrianus Johannes de la Rey
* **Prof. J. VAN ROOYEN** van Kaapstad het beroemdheid verwerf met sy behandeling van kanker. * **Prof.. SS VAN ROOYEN** sal altyd onthou word as een van die vertalers van die Afrikaanse Bybel. Op sportgebied kry ons * **BASIL VAN ROOYEN** die bekende Suid-Afrikaanse renjaer